**Sondag 23 September**

| Skrifgedeelte: Rigters 16:1-22 | Fokusgedeelte: Rigters 16:17a |
|---|---|

# Simson se lewensgeheim

Simson was ’n Nasireër (Num. 6). Die kern hiervan was dat hy van sy geboorte af vir die Here afgesonder is tot sy dood.

Simson vertoon hierin ’n ooreenkoms met elke Christen. Dit is ook elke Christen se lewensgeheim dat ons vir die Here afgesonder is. Afgesonder vir ’n doel waarvoor die Here ons elkeen gebruik.

Simson het ’n simbool gehad van sy afgesonder-wees vir die Here, en dit was sy sewe haarlokke. Toe hy sy lewensgeheim met Delila deel en sy sy hare afskeer, was Simson soos ’n gewone mens. ’n Christen kan sy lewensgeheim geringskat. Simson het nie een van sy vorige vroue liefgehad nie, maar wel vir Delila (:4). Die eerste een was sy vrou, die volgende een was ’n prostituut en die laaste een was sy liefde, maar ook sy val.

Delila was onweerstaanbaar. Simson het gehou van die gevaarspeletjies wat hy met haar gespeel het. Hy het sy hele hart aan haar bekendgemaak, sy lewensgeheim. Wat al die topleiers en die soldate van die Filistyne nie kon regkry nie, dit het Delila reggekry.

Jou afgesonder-wees en toegewydheid aan God deur ons Here Jesus Christus is jou lewensgeheim. As jy daarmee nie versigtig omgaan nie, en dink jy sal loskom soos die ander kere toe jy ook daarmee gespeel het, kan die vernedering groot wees. Maar nie vir altyd nie …

*Sing: Psalm 147-1:4*

*Ds. JH (Hans) Grobler (Bloemfontein-Suidheuwels)*